

Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens 2017-04-16
Handelinge 20:17-38
Fokus – Verse 28&29

Die Heilige Gees vertrou die kerk aan die herders toe – pas mekaar op want gevaar dreig

Inleiding

Ons het die laaste twee weke geluister hoe die Here ons leer op watter wyse die Herder omsien na sy skape. Ons het aan die hand van Joh. 10 gehoor dat Jesus die goeie Herder is. Hy het selfs sy eie lewe afgelê om sy skape te bewaar.

So ook in Eseg. 34 hoor ons dat die herders nie altyd omsien na die kudde nie, en dat elkeen van die skape ook 'n verantwoordelikheid het om na mekaar om te sien.

Vanoggend word ons egter bewus van die rede hoekom daar herderlike sorg in die kudde van die Here moet wees. Die vyand dreig. Hy kom nie net van buite nie, maar ook van binne. Tussen ons eie geledere is daar 'n vyand – een wat die eenheid van die kerk wil beskadig.

As antwoord teen die vyand vertrou die Heilige Gees die kerk aan die herders toe. Pas mekaar op want die vyand dreig.

Ons gaan veral na drie sleutelgedagtes kyk:

- Die Heilige Gees gebruik herders om die kerk te bewaar
- Die vyand kom soms van binne
- Pas mekaar op

- **Die Heilige Gees gebruik herders om die kerk te bewaar**

Die boek Handelinge is 'n baie praktiese boek. Ons kan Handelinge die tweede volume noem volgens Lukas. Soos die Evangelie van Lukas gesentreer is rondom die koninkryk van Jesus wat deurbreek, net so ook is dit die deurlopende tema in die boek Handelinge. Die verskil is egter in die evangelie was Jesus self by die dissipels gewees. Handelinge begin met die hemelvaart van Jesus. Jesus is dus nie fisies teenwoordig in die boek Handelinge nie. Tog

is die vroeë kerk nie Godverlate nie. Met die uitstorting van die Heilige Gees begin die uitbreiding van die kerk van Judea en Samaria tot in die uithoeke van die wêreld.

Die Heilige Gees speel aktief 'n rol in die uitbreiding van die kerk en die vestiging van die koninkryk van Christus.

Deurlopend sien ons hoe die Heilige Gees roep, toerus en stuur. Dit word seker vir ons die duidelikste in die roeping van Paulus op die pad na Damaskus – Hand. 9 vertel van die bekering van Paulus.

In Hand. 20 is Paulus aan die woord wanneer hy die gemeente van Efese toespreek. Sy groot fokus is op die ouderlinge van die gemeente. Hy noem hulle egter net een keer ouderlinge. Verder verwys hy na hulle as opsieners, herders en “aangestel om te versorg”.

Hierdie gesprek wat Paulus met die ouderlinge het is nie maar 'n eenvoudige geselsie nie. Paulus vermaan hierdie manne. Hy waarsku hulle. Hy gee raad en advies tot uitbou en opbou en bewaring van die kerk.

Paulus sê ook vir hierdie ouderlinge hoekom hulle moet doen wat Paulus vir hulle verkondig. Die Heilige Gees het hulle aangestel. Die Heilige Gees het hulle aangestel om die kerk van God te bewaar.

So ook stel die Heilige Gees vandag nog ouderlinge aan om na die kerk van God om te sien.

Die Heilige Gees roep ons op om diensbaar te wees in die kerk. Die doel is nie om eie agendas aan te voer of om 'n belangrike titel te verkry nie, maar om die kerk van God op te pas.

Dit is Sy eiendom en daarom het ons die verantwoordelikheid om die kerk op te pas. Die kerk is nie 'n menslike instelling of 'n sosiale klub nie. Dit is 'n instelling van God wat aan Hom behoort. God het die prys betaal om hierdie kerk vir Homself los te koop. Sy seun is aan die kruis gehang sodat die kerk van God vrygekoop kan wees. Ouderlinge word aangestel met die verantwoordelikheid om die kerk op te pas. Dit is 'n bevel van God want die vyand is hier.

- **Soms kom die vyande van binne**

Ons word opgeroep om op te pas omdat daar vyande is wat dreig. Die vyande is nie altyd duidelik sigbaar en ooglopend nie – soms kom die vyand met leuens wat baie naby aan die waarheid lyk en probeer die kudde so uitemekaar jaag.

Paulus noem nie die wolwe omdat dit dalk 'n moontlik kan wees nie. Hy stel die feite. Daar sal wolwe wees. Daar gaan selfs wolwe tussen julle eie mense na vore kom. Hulle gaan met die leuen nader kom en dit so naby aan die waarheid laat lyk dat baie van die skape dit sal glo. Dit is juis dan wanneer die opsieners – die herders – moet omsien na die kudde.

Maak die skape attent op die wolwe wat dreig.

Die letterlike woorde wat gebruik word vir die leuens is mense wat deurmekaar kom praat. Op grond hiervan moet die ouderlinge eerstens verseker dat hulle die waarheid ken en verstaan. 1 Tim. 4:16 roep ook die ouderlinge op : *“Let op goed oor jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat na jou luister.”*

Geliefdes hoe kan ons omsien na die gemeente en die waarheid bewaar as ons in die eerste plek nie die waarheid ken nie?

Hoe kan ons dit bewaar as ons nie verstaan nie?

Ons kan nie na die kudde omsien as ons self eienskappe van wolwe in ons het nie. Ons moet onself so ondersoek dat dit wat skeiding maak tussen ons en God, afgebreek moet word.

Ons moet die waarheid so soek, dat selfs die kleinste teken van die leuen dadelik die alarms by ons aanwakker. In Gal. 1:8 spreek Paulus homself baie sterk uit hieroor: *“Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit di ehemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het – die vloek van God sal hom tref!”*

Geliefdes besef jy hoe belangrik is die waarheid – die stem van die goeie Herder? Die waarheid is dit wat die kudde beskerm. Daarom moet ons tussen die wolwe die waarheid soek en dit vashou en deel met die gemeente. Die ouderlinge moet verseker dat hierdie waarheid altyd op die voorgrond staan.

- **Pas mekaar op**

Paulus gee onder die leiding van die Gees twee duidelike opdragte. Pas jouself op, en dan pas die kudde op. Wanneer ons self die waarheid ken, is dit soveel makliker om die volk te bewaar teen dit wat nie die waarheid is nie.

Dit word vir ons duidelik dat enige iets wat nie die waarheid is nie, beslis die leuen is en dat dit nie in die kerk van God hoort nie. Elkeen wat die leuen verkondig, ongeag die intensies daar agter, het die waarheid nie lief nie en is self een van die wolwe wat die kerk van God bedreig.

Wanneer ons mekaar oppas, kweek ons eenheid in die kerk. Ons kweek liefde. Ons kweek die waarheid. Die groei van die kerk is daarom 'n gevolg van die waarheid. Wanneer die kerk groei ten koste van die waarheid, is ons besig om die wolwe te bewaar en nie die skape te versorg nie.

Geliefdes as jy vanoggend voel dat hierdie preek net gerig is op die amspdraers, of dat Hand. 20 net met die ouderlinge praat, maak jy 'n groot fout.

As herders moet ons die gemeente oppas, maar die gemeente moet ook na mekaar omsien en voorbidding doen vir die herders in die gemeente. Ons sien na mekaar om om die eenheid in die kerk van God te bewaar.

In die formulier vir die bevestiging van die ouderlinge, ontvang ons ook die opdrag om vir die ouderlinge te bid. Ons het die verantwoordelikheid as gelowiges om ook hulle leer en lewe te ondersoek om te verseker dat die herders nie wolwe is nie.

Die woord wat gebruik word om die opdrag van die herders te beskryf, beteken om met opregte liefde op te pas en om te sien met die beste intensies.

Hierdie opregte bewaar sien ons in die werke van die Goeie Herder. Hy het ons so goed bewaar dat hy sy lewe afgelê het.

Daarom kan ons met dankbaarheid vandag feesvier en bely dat die Goeie Herder ons so getrou bewaar dat die vyand finaal oorwin is.

Slot

God het sy kerk losgekoop deur die bloed van Christus. Daarom bewaar God sy kerk deur die Heilige Gees wat herders roep om om te sien na die skape.

Tog dreig die vyand steeds.

Soek daarom die waarheid sodat die wolwe uitgeken kan word en tussen die skape uitgejaag kan word sodat die kerk van God nie daaronder ly nie, maar versterk word in hulle eenheid en liefde vir die waarheid.

Versterk mekaar en pas mekaar op sodat ons nooit die waarheid sal prysgee nie, maar volkome sal omsien na die skape soos die Goeie Herder dit aan ons toevertrou het.